Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

MUSIEK: VRAESTEL I

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 21 klanksnitte en 'n Hulpbronboekie van 4 bladsye (i–iv). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Twee bladsye gemerk vir rofwerk is in die Hulpbronboekie ingesluit.
2. Elke kandidaat moet 'n CD- of MP3-speler ontvang en moet vir die volle duur van die eksamen toegang tot hierdie luistertoerusting met oorfone hê. Kandidate mag nie tydens leestyd na die snitte luister nie. Let asseblief op na die stem-etiket vir elke snit wat die korrekte nommering van die snit bevestig. Die benaderde lengte van elke snit word in die vraag genoem. Indien jou snit nie die korrekte lengte is nie, vra asseblief die toesighouer vir bystand met jou klanktoestel.
3. Beantwoord AL die vrae op hierdie vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat op die vraestel voorsien is, te skryf. Moenie enige vrae in 'n Antwoordboekie beantwoord nie. Die musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan. Moenie Tipp-Ex gebruik nie.
4. Laat jou asseblief deur die puntetoekenning lei wanneer jy jou antwoorde beplan; die aantal reëls wat jy benodig, sal van jou handskrif afhang. Moenie inligting in jou antwoorde herhaal nie. Oor die algemeen sal een punt vir elke wesenlike feit toegeken word BEHALWE vir die OPSTEL, waar 'n halfpunt toegeken sal word per vergelyking met die oorspronklike werk.
5. Twee blanko bladsye (bladsy 15 en 16) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy nie genoeg spasie vir 'n antwoord het nie, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

VRAAG	MAKSIMUM PUNT	BEHAAL
1	18	
2	21	
3	12	
4	13	
5	20	
6	16	
TOTAAL	**100**	

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1

Luister na **Snit 01 (00:29), Snit 02 (00:42), Snit 03 (00:42), Snit 04 (00:39)** en **Snit 05 (00:32)**.


1.1 Pas elke term hieronder by die snit waarin dit gehoor word. Gebruik elke term slegs een keer. Vul net die letters wat met twee terme ooreenkom onder elke snit in.

A	Mineurtoonsoort	F	Sekwens
B	5/4 (onreëlmatige tydmaatteken)	G	Ornamentasie
C	Tango-ritme	H	12-maat blues
D	Swing	I	Strykers
E	Resitatief	J	Nabootsing


Snit 1	Snit 2	Snit 3	Snit 4	Snit 5

(5)

1.2 Verwys na die melodie hieronder terwyl jy na **Snit 06 (00:47)** luister.



1.2.1 Korrigeer die ritme in maat 18. Skryf jou antwoord op die notebalk hieronder.



(1)

1.2.2 Noem die kadens in maat 19–20.

_____

(1)

1.2.3 Identifiseer **twee** (2) instrumente of groepe instrumente wat hierdie wysie speel.

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

Luister na **Snit 07 (00:52)**.

1.3 Onderstreep die woord wat die tekstuur van die musiek die beste beskryf …

1.3.1 ... in die **strykers** aan die begin van die uittreksel.

Homofonies
Monofonies
Polifonies (1)

1.3.2 ... in die **klavierparty**.

Homofonies
Monofonies
Polifonies (1)

1.3.3 Beskryf **twee** (2) ander verskille (anders as tekstuur en timbre) tussen die musiek wat deur die strykers gespeel word en die musiek wat deur die klavier gespeel word.

_____

_____

_____

_____

(2)

1.4 Luister na **Snit 08 (01:33)**. Plaas **drie** (3) regmerkies om die kenmerke van die musiek te identifiseer.

Saamgestelde tweeslagmaat		Rubato	
Die klavier speel sy eie melodie, heel anders as die stemparty		Strofiese vorm	
Enkelvoudige drieslagmaat		Die klavier en die stem deel die hoofmelodie	
Deurgekomponeer		Enkelvoudige vierslagmaat	

(3)

Luister na **Snit 09 (00:52)**.

1.5 Watter **twee** (2) van die volgende is **NIE** kenmerke van hierdie uittreksel **NIE**?

Chromatiek		Onvolmaakte kadens	
Onderbroke kadens		Tonikapedaalpunt	
Diatoniese melodie		Enkelvoudige vierslagmaat	

(2)
[18]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2

Luister na **Snit 10 (00:58)** en verwys na **Bylaag A** in jou Hulpbronboekie.

2.1 Identifiseer die vorm van hierdie stuk.

(1)

2.2 Identifiseer die tipe toonleer wat deur die melodienote in maat 1^2–9^1 gevorm word.

(1)

2.3 Noem **twee** (2) komposisietegnieke wat in maat 17^2–25^1 gehoor kan word.

(2)

2.4 Verwys na **Bylaag B** wat uit die *Tonight*-ensemble uit *West Side Story* kom. Noem die karakter(s) in elke uittreksel en identifiseer **twee** (2) maniere waarop die karakter(s) deur die komponis uitgebeeld word. Verwys na die vokale melodie en instrumentale begeleiding.

(4)

IEB Copyright © 2024

Luister na **Snit 11 (04:01)** en **Snit 12 (02:06)**, twee liedere uit *West Side Story.*

2.5 Vergelyk en kontrasteer die stilistiese kenmerke van die twee liedere. Verwys na tonaliteit, tydmaat, die openingsintervalle, instrumentasie en tekstuur.

(5)

Luister na **Snit 13 (05:25)**.

2.6 Noem die jazz-styl wat deur **Snit 13** verteenwoordig word.

(1)

2.7 In watter dekade was hierdie jazz-styl die gewildste?

(1)

2.8 Wat is die oorspronklike opname van hierdie stuk genoem?

(1)

2.9 Noem die struktuur van die kop (*head*).

(1)

IEB Copyright © 2024

2.10 Hoe verskil die melodie van hierdie stuk van die meeste melodieë wat in die swing-era gehoor is?

(2)

2.11 Luister na **Snit 13 (05:25)** en **Snit 14 (00:46)**. Verduidelik wat 'n kontrafak (*contrafact*) is en wat die twee snitte in gemeen het.

(2)
[21]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3

Luister na **Snit 15 (01:43)**.

3.1 Wat gebeur op hierdie punt in die opera, en hoe gee die komponis die aksie in die musiek weer?

(2)

3.2 Hoe verskil Leporello se musiekstyl van Don Giovanni en die Commendatore s'n in hierdie uittreksel?

(2)

3.3 Noem die opera-element wat aan die einde van die uittreksel gebruik word en beskryf die rol daarvan in opera.

(2)

Luister na Snit **15a (01:02)**.

3.4 Wat is die tekstuur van hierdie uittreksel? Beskryf hoe Bernstein dieselfde tekstuur in die *Tonight*-ensemble geskep het.

(3)

IEB Copyright © 2024

3.5 Mozart het na *Don Giovanni* verwys as 'n "opera buffa" en die librettis, Da Ponte, het dit 'n "dramma giocoso" genoem. Verduidelik die betekenis van hierdie twee terme en gee **een** (1) rede waarom *Don Giovanni* 'n goeie voorbeeld van opera buffa is.

(3)
[12]


IEB Copyright © 2024

VRAAG 4

Harmoniseer die gegewe melodie in vierstemmige harmonie.

Sluit die volgende in:
- Deurgangsprogressie
- Twee verskillende kadense
- Kadensiële 6/4 progressie
- Dominantsewende-akkoord

Dui die toonsoort onder die notebalk aan en besyfer alle akkoorde.



[13]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 5

Luister na **Snit 16 (02:44)** en **Snit 17 (02:29)**, twee verwerkings van een van jou voorgeskrewe werke.

Gebruik die musiek wat jy in **Snit 16** en **Snit 17** hoor en jou eie kennis om in 'n opstel krities te evalueer in watter mate die twee verwerkers nuwe weergawes van die oorspronklike stuk geskep het. Jou evaluering moet op die **musiekelemente** in elke verwerking fokus.

MOENIE jou mening oor die gehalte ("goed"/"swak") van die verwerkings gee **NIE**, maar gee eerder spesifieke voorbeelde uit die opnames om te verduidelik hoe die nuwe weergawes saamgestel is.

Sluit benewens jou evaluering die volgende inligting in:
- Die naam van die voorgeskrewe werk en die komponis.
- Die komposisiegenre wat deur die voorgeskrewe werk verteenwoordig word.
- 'n Kort agtergrond van die genre.

Jou opstel sal volgens die volgende rubriek nagesien word:

RUBRIEK VIR OPSTEL	
20–16	Kandidaat toon duidelik 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewyse en verwys na musiek-elemente soos melodie, tydmaat, tekstuur, ens. Voldoen aan al die vereistes en verskaf 'n insiggewende evaluering van die werke met verwysing na die spesifieke kenmerke van die twee snitte en die kandidaat se eie kennis.
15,5–10,5	Toon 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewyse en verskaf 'n paar verwysings na musiekelemente soos melodie, tydmaat, tekstuur, ens. Voldoen aan al die vereistes en verskaf 'n paar verwysings na die spesifieke kenmerke van die twee snitte en die kandidaat se eie kennis.
10–5,5	Toon slegs 'n gedeeltelike begrip van die vraag en lewer beperkte feitlike bewyse en verwysings na musiekelemente soos melodie, tydmaat, tekstuur, ens. Voldoen aan al die vereistes en verskaf gedeeltelike verwysings na die spesifieke kenmerke van die twee snitte en die kandidaat se eie kennis. Daar is 'n wanbalans tussen die afdelings van die opstel.
5–0,5	Toon minimale begrip van die vraag, voltooi nie al die vereistes nie en verskaf slegs 'n vae verwysing na die feite, die musiekelemente of die kandidaat se eie kennis of maak geen gebruik daarvan nie. Geen evaluering word aangebied nie. Daar is geen balans in die opstel nie.

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

[20]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 6

Luister na **Snit 18 (04:15)**.

6.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse styl wat in hierdie snit gehoor kan word. Gee **twee** (2) redes vir jou antwoord en noem die dekade waarin dit ontwikkel het.

(4)

6.2 Noem **twee** (2) sosiopolitieke invloede wat aanleiding gegee het tot die musiek wat in **Snit 18** gehoor word.

(2)

6.3 Luister na **Snit 19 (03:59)**, 'n verwerking van jou voorgeskrewe werk, *Meadowlands.*

6.3.1 Noem die komponis van hierdie liedjie en die dekade waarin dit gekomponeer is.

(2)

6.3.2 Beskryf die sosiopolitieke omstandighede wat aanleiding gegee het tot die skepping van hierdie liedjie.

(2)

IEB Copyright © 2024

6.4 Luister na **Snit 19 (03:59)** en **Snit 20 (02:18)**.

Vergelyk **Snit 19** en **Snit 20** onder elk van die volgende opskrifte:

	Snit 19	**Snit 20**
Harmonie (akkoordprogressie)		
Instrumentasie		
Naam van instrument(e) wat in elke snit improviseer		

(6)
[16]

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2024

ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET, OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024